5 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens – Doop

Peet Crous
Regerings en gebede *1 Tim 2*

Kera en Wian Prinsloo (Wickus en Gerda) en *Eben Strasheim* (Eben en Liesl) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk
Almal welkom!

09:30 Lynnwood Oord-diens

Martin Reid
Goliat-realiteit vs God-realiteit *1 Sam 17*

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden
'Die lewe is...'-preekreeks
#2 Die liefde lei...

19:00 Belydenisklas
Sê jou sê, vra jou vraag. *Kleingroep*

12 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens

Immanuel van Tonder

Geen Kleuterkerk of Kategese a.g.v. langnaweek.

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Liani Louw

Belydenisaflegging

Aansoek vir belydenisaflegging op 19 Augustus sluit op 12 Augustus 2018. E-pos asseblief so gou moontlik jou aansoekvorm aan bets@nglynnwood.co.za.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem of deel gehad het om die Winterfees 'n groot sukses te maak!

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan die 1-Doller-'n-dag-projek. Foto's en ervarings is eersdaags op die web te sien.

As deel van die belydenisklasprogram woon ons belydenisklas en hulle ouers op 19 Augustus die aanddiens by NG Villeria by. Na afloop van die erediens drink ons saam met die jongmense van ECHO Youth Development koffie. Ons ontmoet mekaar om 18:15 by NG Villeria.
Vir meer inligting kontak gerus vir Fay van Eeden 083 478 0854.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Geen Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz – weer op 14 Augustus 2018. **Gemeentevroue Groep 11** 16:30 (Koinonia). Spreker: *Magda Beukes.* *Dié aktrise kom julle verras met 'n vars en nuwe insig oor vrouwees.* **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Gasvryheidsbediening** vergader 17:00 (A21). **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Vrouedag**
Vrydag:	**Skole vakansiedag.** ☞**Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor gesluit is.**

Voorbidding

Pieter Smit, 082 442 5707 – sy ma, Irene Smit, Kingswood Village C4/6, Gaystraat 317, Newlands, oorlede. Begrafnis is Woensdag 10:00

Gourmet worsbroodjies:

Nuwe Generasie gaan op 9 September direk na die oggenddiens *Gourmet Worsbroodjies* teen R20 'n broodjie, as fondsinsameling vir die Seekamp, verkoop. Byvoorbaat dankie vir die ondersteuning! Navrae: Liani 079 506 4078.

"#geeREG" Maaltydkoepon-stelsel:

Elke dag word daar in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen vir bedelaars gegee. Solidariteit Helpende Hand se navorsing het vasgestel dat tot 90% van bedelaars dwelms misbruik. Die probleem word elke dag net groter. Deur die geeREG-projek kan u maaltydkoepons koop wat die behoeftes van bedelaars baie meer verantwoordelik aanspreek. Maaltydkoepons is by die Info-toonbank of die kerkkantoor beskikbaar @ R15 elk.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

Ya Bana:

Ya Bana Village is op soek na 'n vrywilliger om een maal per maand geskenke te koop vir ons kinders wat in die betrokke maand verjaar. Ons vra ook dat die geskenkies mooi toegedraai word. *Ya Bana* sal die koste van die geskenkies dra. Indien jy geroep voel om die wonderlike en baie belangrike taak te vervul, bel gerus vir Naomi Brink 083 534 4850.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: In die ryk van vergeet

Stephan Joubert en ek deel vergeet; glad nie doelbewus nie, sommer so sonder beplanning vergeet ons. Hy skryf juis in Ekerk se Goeie Nuus daaroor*: daar is twee belangrike lesse wat die lewe my geleer het; die eerste een het ek vergeet, maar die tweede een is om neer te skryf!* Stephan skryf dat hy vir twee sake ja gesê het sonder om te kontroleer of hy beskikbaar is en die een moes hy toe rooigesig kanselleer, want een mens kan nie gelyktydig op twee plekke wees nie.

As ek al die kere in herinnering roep wat 'n kollega my moes wys op Die Kontak vir die komende week wat nog nie in is nie, sou ek hande in die hare verskoning moes vra, weereens! Het dit met jou ook al gebeur: jy verwar twee datums net om met skuldgevoelens wat van jou kroontjie tot jou kleintoontjie se naelpunt strek, verskoning te moet vra? Of, behoede my, ek vergeet 'n troue! Tussen die dominees is daar vele van hierdie verhale in die omloop.

Wat gemaak met die tipe vergeet? Bou brûe. Mens kan al om die probleem dans en maak asof die olifant in die kamer doodstil staan en tjoepstil bly, maar niemand baat daarby nie. “Ons almal maak foute. Ons stel mense teleur. Ons praat voor ons dink. Ons dink verkeerd. Ons vergeet. Maar ons durf nooit uitkamp in ons eie foute nie. Ons maak dit reg. Dis wat die Heer van ons vra. Ons is brugbouers in Sy Naam, nie brugverbranders nie. Ons leer by ons Heer, Jesus Christus, wat eerste van sy kant af die brug na ons toe herbou het. Ook aanvaar ons elke keer opnuut verantwoordelikheid vir ons eie lewe. Ons leer om fyner te onderskei wat die wil van die Here is en ons raak meer sensitief vir mekaar. Ons sorg dat ons aktief aanwesig is in ons eie lewe, soos wat die Here is! Ons leef nie outomaties en onnadenkend nie” (Stephan Joubert).

Prakties gesproke help die volgende my nogal baie:

[1] Hou dagboek en gaan dit na. Eerstens help dit om 'n afspraak aan te teken, maar dit help ewe veel om 'n paar keer per dag in die dagboek te loer;

[2] Kontroleer. Dit kan wees dat van my gesinslede al suutjies moeg vir my raak oor die volgende vrae: “Wanneer is jy terug? Bel my as jy ry dat ek deur die venster die hek kan dophou.” Met variasies op hierdie vrae.

[3] Stel jou foute reg! Daar is mense, ja selfs gelowiges, wat met groot moeite verskoning vra vir foute wat hulle begaan het. Kom oor jouself! Vra verskoning en neem toepaslike stappe om sake reg te stel.

[4] Goeie verhoudinge is meer as bloot vergeet en onthou. Soms gebeur dit met my ook dat mense verskoning vra oor iets wat hulle vergeet het. Dan is my taak om die verskoning met grasie, sonder verwyte, te aanvaar en die volgende vraag te vra: Kan ek as 'n reël op hierdie persoon staatmaak? As die antwoord ja is, bly die verhoudinge stewig in plek.

[5] Vergeef jouself. By meer as een geleentheid het ek myself al in 'n ander bloedgroep in gewroeg oor iets wat ek vergeet het en dit (meestal) pure verniet.

[6] Net so belangrik soos self-vergifnis, is om ander mense ook te vergewe.

Groete
Peet Crous
(Namens die predikantespan)

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Gemeenskap

Eenslaapkamer-tuinwoonstelletjie vir enkel persoon word dringend benodig. Kontak asb. die kerkkantoor 012 348 1245 indien u kan help.

Eenheid te huur (h/v Sussexlaan en Chappiesweg). Nuwe eenheid; hoek ligging in sekuriteitskompleks; 2 slaap- en 2 badkamer; groot sit- en eetkamer oopplan leefvertrek en meer. Inligting op die kennisgewingbord of skakel 083 300 2183 of 082 601 0274.

Enkelpersoon-woonstelletjie (Bachelor) onmiddellik beskikbaar. Baie sentraal geleë 100m vanaf Lynnwood Bridge en Glenfair-winkelsentrum. Ook naby Varsity College en St. Alban's. Huur beloop R3600 per maand. Vol deposito en huurkontrak 'n vereiste. Skakel Paul 082 371 5389.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.
Meer inligting oor ander gebeure, ens. kliek hier.